Hoofstuk 20 "Ta-Ha" ook genoem Die verhaal van Moses / Surah Ta-Ha ook genoem Surah Kalim

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Ta-Ha. (die betekenis van hierdie woorde is onbekend: Allah weet die beste.)

2. Mohammed, Ons het nie die Koran aan jou geopenbaar om jou daardeur vir jou moeilikheid te veroorsaak nie,

3. maar eerder om diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het te herinner en aan te moedig,

4. 'n openbaring vanaf die Een wat die aarde geskape het asook die hemele daarbo.

5. Die Alomgenadige het Sy plek op die troon ingeneem.

6. Aan Hom behoort alles wat in die hemele is, alles wat op die aarde is, en alles wat tussenin is asook alles wat onder die grond is.

7. Dit maak nie 'n verskil of jy iets hardop sê of nie, want Hy weet in elk geval van al die geheime in die hart van die mens en van alles wat weggesteek word.

8. So is Allah. Daar is god anders as net Hy nie. Vir Hom is die Pragtige Name.

Die verhaal van Moses

'n Bespreking van die Boodskap van Moses

9. Het jy al die verhaal van Moses gehoor?

10. Die verhaal van toe Moses 'n vuur gesien het, en toe vir Sy familie gesê het: "Wag 'n bietjie. Ek het opgemerk dat daar 'n vuur is. Dalk sal ek vir julle 'n gloeiende kool van daar af bring, of leiding by die vuur ontvang."

11. So, toe Moses nou by die vuur kom, het 'n stem hom geroep: "Moses!,

12. dit is Ek, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, so trek uit jou skoene: jy is in die heilige vallei van Tuwa aan die voet van die berg Sinai."

13. En Ek het jou gekies, so luister na dit wat geopenbaar is:

14. Waarlik, EK IS ALLAH. Daar is geen god anders as Ek nie, so aanbid My en maak jou Aanbidding 'n vaste instelling ter herinnering aan My: sodat jy my daardeur kan loof en prys.

Die Uur van die Oordeelsdag is Allah se geheim

15. Waarlik, die Uur van die Oordeelsdag sal kom. Maar intussen hou Ek dit 'n geheim, om mense aan te moedig om goeie dade te doen, sodat almal vergoeding ontvang vir hulle pogings, hier op aarde en tydens die Oordeelsdag.

16. So, die een wat nie in die komende Oordeelsdag glo nie, en sy eie begeertes navolg, moenie veroorsaak dat jy nalatig word ten opsigte van die doen van goeie dade nie, anders sal jy vergaan deurdat jy geruïneer en vernietig sal word.

Die eerste openbaring aan Moses

17. Wat is dit wat jy daar in jou regterhand het, Moses?

18. En Moses antwoord: "Dit is my stapstok. Ek leun daarop, en ek slaan daarmee blare van die bome af vir my skape, en eintlik gebruik ek dit vir baie dinge."

19. Hy sê toe: "Gooi dit neer op die grond, Moses."

20. Moses gooi toe die stapstok neer, en skielik verander dit in 'n slang wat vinnig op die grond seil.

21. Hy sê toe: "Tel dit op en moenie bang wees nie. Ons sal dit terugverander in wat dit was.

22. En plaas jou hand onder jou arm en as jy dit uithaal sal dit wit wees, sonder enige siekte, as nog 'n wonderteken,

23. sodat Ons jou sommige van Ons groot wondertekens kan wys.

24. Gaan na Farao toe. Hy het regtig oortree.

25. Maar Moses antwoord: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, stel my hart gerus

26. en maak my taak vir my maklik

27. en genees my van my my spraakgebrek

28. sodat ek nie hakkel en stotter nie en hulle my goed sal verstaan as ek praat."

29. En gee vir my uit my eie familie iemand om my te help:

30. Aaron, my broer.

31. Versterk deur hom my krag,

32. en laat hom deel hê in my taak,

33. sodat ons U baie goed kan verheerlik en U reinheid kan bekendmaak

34. en U baie kan loof en prys

35. U is waarlik die Alsiende: die Een wat ons voortdurend raaksien.

36. Daarop sê Hy: "Moses, jou versoek is toegestaan."

Opgesomde verhaal van hoe Allah, Moses voorberei het vir 'n spesiale taak

37. En weereens het Ons, gewys hoe goed en genadig Ons teenoor jou is,

38. toe ons aan jou moeder die volgende boodskap en opdrag geopenbaar het,

39. en dit is: "Plaas die baba in die kissie en dan in die rivier, sodat die rivier dit tot op die kant kan dryf waar dit opgetel kan word deur een wat 'n vyand van My is en van hom." En ek het my liefde op jou uitgegiet sodat jy onder my toesig opgevoed en gevorm kan word.

40. Onthou ook, toe jou suster na die familie van Farao toe gegaan het en gesê het: "Kan ek vir u iemand uitwys wat die baba vir u kan versorg?" So het Ons jou teruggebring by jou moeder, sodat sy nie meer sou huil en ontsteld sou wees nie.

En nadat jy 'n Egiptenaar doodgemaak het, het Ons jou uit die moeilikheid uit gehelp: en jou getoets met 'n groot beproewing deurdat die mense van Farao jou wou doodmaak.

Daarna het jy 'n aantal jare by die Midianiete gewoon. En na dit alles, Moses, het jy by die plek uitgekom waarvoor jy bestem was.

41. Ek het jou vir Myself uitverkies en gevorm soos wat Ek jou wil hê.

Uiteindelike sending van Moses en Aaron

42. Gaan jy en jou broer dan nou met My boodskap en bewyse en moenie vergeet dat dit Ek is wat julle gestuur het en sodoende ophou om My te loof en te prys nie.

43. Gaan, beide van julle, na die Farao toe: want hy het inderdaad oortree.

44. Praat met hom met sagte woorde. Miskien sal hy na die advies luister of 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê.

45. Moses en Aaron sê toe: Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons is bang dat Farao teen ons sal optree selfs nog voordat hy na ons geluister het of dat alle grense sal oorskry en sonder respek van U sal praat.

46. Maar Allah het gesê: "Moenie bang wees nie. Ek is verseker by julle albei met hulp en ondersteuning. Ek hoor en ek sien."

47. So, wanneer julle by Farao kom, sê dan: "Ons is die boodskappers vanaf U Skepper, Voorsiener en Onderhouer: laat dus die kinders van Israel saam met ons gaan* en moenie hulle enige leed aandoen nie. Ons het na jou toe gekom met 'n boodskap vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Vrede vir hom wat die leiding navolg. (*K44:18)

48. Waarlik, dit is aan ons geopenbaar dat straf met die een is wat die boodskap misken en hom nie daaraan steur nie."

49. Farao sê toe: "Moses, wie is hierdie Skepper, Voorsiener en Onderhouer van julle twee?"

50. Daarop antwoord Moses: "Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Hy wat aan alles vorm gegee het, en daarna leiding daaraan gegee het."

Moses en Aaron moes hierdie vraag baie versigtig antwoord

51. Farao vra toe: "Wat van die vorige geslagte wat nie in julle

Skepper, Voorsiener en Onderhouer geglo het nie, wat het met hulle gebeur?"

52. Moses antwoord toe: "Die inligting oor vorige geslagte is by my Skepper, Voorsiener en Onderhouer op rekord. My Skepper, Voorsiener en Onderhouer maak nie 'n fout, dat Hy een ding sou wil en dat iets anders gebeur nie, en Hy vergeet ook nie. Hy is die Een wat die aarde vir jou 'n uitgestrekte plek van slaap, staan, werk en loop gemaak het, en daarop vir julle weë* gemaak het om op te beweeg, en wat die water afgestuur het uit die hemele en saam met dit die verskeidenheid pare plantegroei voortgebring het: (*K21:31)

53. Eet en laat julle beeste vreet.

54. Waarlik, daarin is boodskappe en bewyse vir die mense met begrip."

55. Uit die aarde het Ons jou geskape en in dit sal Ons terugsit en vanuit dit sal Ons jou weer laat verrys.

56. En Ons het die Farao ons boodskap gegee en die bewyse en wondertekens gewys, nietemin het hy dit misken en geweier.

57. Farao het gesê: "Het jy na ons toe gekom om ons uit ons land uit te dryf met jou towery, Moses?"

58. In daardie geval, sal ons aan jou soortgelyke towery wys. So, kom ons maak dan nou 'n afspraak waaruit nie een van ons moet kop uittrek nie, op 'n geskikte plek waar ons albei gelyke kanse sal hê.

59. Moses sê toe: "Die afspraak wat jy wil hê sal wees op die dag van die fees, so laat die mense tydens die voormiddag byeenkom vir die geleentheid."

60. En so het Farao toe teruggegaan, sy plan beraam deur sy towenaars met hulle towery bymekaar te bring en teruggekom soos wat hulle ooreengekom het.

Moses waarsku die towenaars

61. Moses waarsku toe die towenaars: "Kom ek gee nou vir julle goeie raad sodat julle nie vandag hier vir julleself 'n klomp verdriet, rampe, pyn en moeilikheid veroorsaak nie: julle moet nie nou 'n leuen teen Allah uitdink nie, sodat Hy julle geheel met straf vernietig nie. Die verloorder is altyd die een wat 'n leuen vir die waarheid voorhou."

62. Die towenaars het toe onder mekaar geredeneer en besluit om hulle praatjies geheim gehou.

63. Hulle sê toe: "Hierdie twee, Moses en Aaron is towenaars wat hoop om julle uit julle land te verdryf en julle van julle uitstekende lewenswyse wil ontneem.

64. So, maak julle plannetjies deeglik en kom soos een man in 'n ry na vore en doen julle truuks sommer so gelyktydig om die mense na hulle asems te laat snak van verwondering. Sukses behoort vandag aan die een wat sy storie ken en kan vasstaan."

65. Hulle vra toe: "Moses, wil jy eerste eerste gooi of moet ons eerste gooi?"

66. Daarop antwoord Moses die towenaars: "Gooi julle maar eerste." En toe hulle gooi, het hulle towerkuns dit vir Moses laat lyk asof hulle toue en stokke hardloop.

Moses raak beangs

67. Opeens het Moses verskriklik bang geword: maar hy het die vrees wat daar in sy hart gekom het as gevolg van dit wat hy gesien het, weggesteek.

68. Ons het toe vir Moses gesê: "Moenie bang wees nie. Jy gaan verseker die oorhand oor hulle kry en hulle wen."

69. Gooi dit wat jy in jou regterhand het op die grond, en dit sal dit wat hulle versin het, insluk. Wat hulle versin het is maar net die streke en behendigheid van 'n towenaar. En die towenaar is nie suksesvol nie, waar hy ook al vandaan kom.

Die towenaars aanvaar die waarheid en aanbid Allah

70. Die gevolg was, dat die towenaars deur die waarheid gelei was om in aanbidding neer te val, en te sê: "Ons het nou geglo in die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van Aaron en Moses."

71. Farao sê toe woedend: "Julle glo in hom voordat ek julle toestemming gegee het. Hy is inderwaarheid julle leier wat julle die towerkuns geleer het. So ek gaan verseker julle hande en bene aan weerskante afsny en julle kruisig op die stamme van palmbome*, sodat julle kan weet wie van ons straf erger, en wie se straf hou langer aan." (*K38:12)

72. Die towenaars sê toe: "Ons sal u nooit kan kies bo die duidelike bewyse wat ons vandag hier gesien het en bo Hom wat ons geskape het nie. So, doen dan maar wat u ook al wil doen. U kan in elk geval net oor ons aardse lewe besluit.

73. Ons het in ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer geglo, sodat Hy ons kan vergewe vir ons sondes en vir die towerkuns wat u ons laat doen het. Allah is die beste en die ewigdurende."

'n Uitnodiging vir jou en my om te glo!

74. Voorwaar, wie ook al tydens die Oordeelsdag na sy Skepper toe kom as 'n sondaar, en as iemand wat oortree het, skuldig aan verkeerde dade en ongeloof, vir hom wag daar die Hel, waarin hy nie sal sterf of sal lewe nie.

75. En wie ook al na Hom toe sal kom as gelowige wat die goeie gedoen het, vir sulke mense wag daar die hoogste eerbewys in die Paradys,

76. met die ewige tuine waaronderdeur daar riviere vloei, en waar hulle vir ewig sal woon. Dit is die beloning vir die een wat homself gereinig het van veelgodediens en net Allah alleen aanbid.

Allah gee Moses opdrag om met die volk te trek

77. En Ons het aan Moses geopenbaar terwyl Ons sê: "Trek uit met my diensknegte gedurende die nag, en maak vir hulle 'n droë pad in die see deur die water met jou stapstok te slaan, sonder om te vrees dat julle agtervolg en gevang sal word of vir enigiets anders."

Farao en sy troepe sterf in die see

78. Toe het die Farao met sy troepe agter hulle aan gejaag. En die see het oor Farao en sy troepe gespoel en hulle heeltemal onder die water was.

79. Farao het sy mense mislei en hulle nie die Regte Weg gewys nie.

80. Kinders van Israel. Ons het julle van julle vyand gered en aan julle die regterkant van die berg Sinai aangewys en aan julle die Manna en die Kwartels neergestuur:

81. Eet van die goeie dinge waarvan Ons julle voorsien het, en moenie ten opsigte van dit oortree nie, sodat ek nie vir julle kwaad word en julle straf nie. Want die een vir wie ek kwaad word en wie ek straf verval verseker in vernietiging.

82. En Ek is verseker die Oor-en-oor-vergewende vir diegene wat berou het en glo en goeie werke doen en dan die regte weg volg deur binne My Wil te lewe.

Allah praat met Moses

83. "Moses, wat het veroorsaak dat jy so haastig voor jou volk uitgegaan het?"

84. Moses antwoord: "Hier is hulle net hier agter my: ek het gou gemaak om by U uit te kom, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, sodat U met my tevrede kan wees."

85. Allah sê toe: "Ons het jou mense getoets nadat jy hulle daar agtergelaat het en hulle deur Samiri mislei was."

86. So het Moses toe met woede en hartseer teruggegaan na sy volk toe. Daar aangekom, sê hy: "Ai my volk, het julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer dan nie aan julle 'n goeie belofte gemaak nie? Het die wag vir julle te lank geword of het julle gewens dat Allah vir julle moet kwaad word en dat Hy julle sal straf, met die gevolg dat julle nie by julle belofte aan my gehou het nie?"

Die volk maak 'n flou verskoning!

87. Hulle antwoord Moses toe met: "Dit is nie dat ons uit ons eie nie by ons belofte gehou het nie, maar ons was so moeg vir ons baie juwele, dat ons dit afgehaal en op 'n hoop gegooi het soos wat Samiri voorgestel het."

88. Toe het Samiri dit gesmelt en daarvan die beeld van 'n kalf gemaak, wat 'n bulkgeluid gemaak het. Toe het hulle gesê: "Daar is julle god en die god van Moses, want dit lyk asof Moses 'n fout gemaak en van julle vergeet het."

89. Sien hulle dan nie dat die kalf nie met 'n woord reageer op wat hulle sê nie, en dat dit ook nie enige mag het om hulle te benadeel of te bevoordeel nie?

90. En Aaron het reeds aan hulle gesê: “My volk, julle is op die verkeerde weg gelei met die kalf, want julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Alomgenadige. So volg my en luister na my opdrag.”

91. Maar die volk het gesê: “Ons sal nie ophou om die kalf te aanbid nie, totdat Moses na ons toe terugkom.”

92. Daarop sê Moses: “Aaron wat het jou verhinder om my dadelik te kom inlig toe jy sien dat die volk afdwaal?

93. Was jy ongehoorsaam aan my opdrag?”

94. Aaron sê toe, in ‘n poging om Moses se woede te laat bedaar: “Ag my ou broer, moenie my aan my baard of aan my kop vasgryp nie. Ek was bang om hulle alleen hier te los en dat jy sal sê: ‘Aaron, jy het onenigheid veroorsaak tussen die kinders van Israel, en nie my raad gevolg nie.’”

95. Moses praat toe met Samiri en sê: “En wat het jy te sê oor hierdie aangeleentheid Samiri?”

96. Samiri antwoord: “Ek het iets raakgesien wat hulle nie raakgesien het nie en gedink dat die grond waarop die perd van die Boodskapper (die Heilige Gees) getrap het dalk lewegewende kragte kon bevat. Ek het toe ‘n handvol grond opgetel van die voetspore van die Boodskapper, en dit op die kalf gestrooi. Dit is wat ek in my siel gedink het ek moet doen.”

97. Moses sê toe: “Gaan dan nou weg, want jou lot in hierdie lewe is dat jy sal sê: ‘Moenie aan my raak nie.’ En natuurlik het jy ook ‘n ander belofte, die belofte van die Oordeelsdag, wat nooit van jou weerhou sal word nie. En kyk na jou kalf-god aan wie jy toegewy gebly het. Ons gaan dit verseker verbrand en elke laaste bietjie as in die see gooi.

98. Jou God is Allah, buiten wie daar geen god is nie. Hy weet alles van alles af.”

99. Mohammed, so vertel Ons aan jou van sekere gebeure uit die verlede, en het Ons aan jou die Koran, ‘n boek met advies, gegee.

100. Wie ook al daarteen draai sal verseker ‘n baie swaar las dra tydens die Dag van Verdoemenis: die Oordeelsdag,

101. en al daardie mense sal vir ewig onder die las moet lewe. Hoe sleg is die die las van die Dag van Verdoemenis nie!

102. Die dag wanneer die Trompet geblaas sal word en Ons die Ongelowiges bymekaar sal maak, met oë waarin die angs en vrees gesien sal word,

103. terwyl hulle onder mekaar fluister: “Dit voel asof julle skaars tien dae in julle grafte was.”

104. Ons weet baie goed wat hulle sê, wanneer die slimste van hulle op hul manier sal sê: “Dit voel asof julle skaars ‘n dag daar was.”

105. En hulle vra jou uit oor die berge. Dan moet jy sê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal die berge soos stof voor die wind laat verdwyn

106. en die plekke waar die berge gestaan het verander in ‘n gelyk vlakte

107. waarop jy nie eers ‘n kurwe of ‘n bultjie sal sien nie.”

As die mens maar in soveel getroue gehoorsaamheid gelewe het soos met die Oordeelsdag

108. Daardie dag sal hulle die een wat hulle roep volg, sonder om enigsins na links of na regs af te wyk. En die stemme sal al sagter word in verwondering vir die Alomgenadige. So jy sal niks anders hoor as net ‘n gefluister nie.

109. Daardie dag sal geen voorspraak vir enige mens van enige nut wees nie, behalwe vir die een wie die Alomgenadige toegelaat het en met wie se werk Hy tevrede was.

110. Hy weet wat voor hulle is en wat agter hulle is, en tog is hulle kennis nie genoeg om Hom ook ten volle te begryp nie.

111. En alle gesigte sal nederig gemaak word voor die Ewiglewende, die Alomonderhoudende. En die verloorder is die een wat die las dra van sy oortredings.

112. Wie ook al goeie dinge doen, terwyl hy ‘n gelowige is, sal geen vrees hê vir enige onregverdige behandeling of vermindering van die belonings waarop hy geregtig is nie.

113. So het Ons dit dan aan jou geopenbaar as ‘n Koran in Arabies, en daarin herhaaldelik sekere waarskuwings uiteengesit, sodat hulle ‘n heilige ontsag en respek vir Allah kan hê sodat hulle sal ophou sonde doen, sal ophou om dit wat verbied is en skandelik is te doen of sodat dit vir hulle ‘n les kan wees wat dade van gehoorsaamheid kan voortbring en hulle nader aan Allah gebring sal word deur lofprysing en aanbidding. So hoog verhewe bo alles is Allah, die Koning, die Ware.

89. Sien hulle dan nie dat die kalf nie met 'n woord reageer op wat hulle sê nie, en dat dit ook nie enige mag het om hulle te benadeel of te bevoordeel nie?

90. En Aaron het reeds aan hulle gesê: “My volk, julle is op die verkeerde weg gelei met die kalf, want julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Alomgenadige. So volg my en luister na my opdrag.”

91. Maar die volk het gesê: “Ons sal nie ophou om die kalf te aanbid nie, totdat Moses na ons toe terugkom.”

92. Daarop sê Moses: “Aaron wat het jou verhinder om my dadelik te kom inlig toe jy sien dat die volk afdwaal?

93. Was jy ongehoorsaam aan my opdrag?”

94. Aaron sê toe, in ‘n poging om Moses se woede te laat bedaar: “Ag my ou broer, moenie my aan my baard of aan my kop vasgryp nie. Ek was bang om hulle alleen hier te los en dat jy sal sê: ‘Aaron, jy het onenigheid veroorsaak tussen die kinders van Israel, en nie my raad gevolg nie.’”

95. Moses praat toe met Samiri en sê: “En wat het jy te sê oor hierdie aangeleentheid Samiri?”

96. Samiri antwoord: “Ek het iets raakgesien wat hulle nie raakgesien het nie en gedink dat die grond waarop die engel Gabriël se perd getrap het dalk lewegewende kragte kon bevat. Ek het toe ‘n handvol grond opgetel van die voetspore van die boodskapper, die engel Gabriël, se perd. En dit op die kalf gestrooi. Dit is wat ek in my binneste gedink het ek moet doen.”

97. Moses sê toe: “Gaan dan nou weg, want jou lot in hierdie lewe is dat jy sal sê: ‘Moenie aan my raak nie.’ En natuurlik het jy ook ‘n ander belofte, die belofte van die Oordeelsdag, wat nooit van jou weerhou sal word nie. En kyk na jou kalf-god aan wie jy toegewy gebly het. Ons gaan dit verseker verbrand en elke laaste bietjie as in die see gooi.

98. Jou God is Allah, buiten wie daar geen god is nie. Hy weet alles van alles af.”

99. Mohammed, so vertel Ons aan jou van sekere gebeure uit die verlede, en het Ons aan jou die Koran, ‘n boek met advies, gegee.

100. Wie ook al daarteen draai sal verseker ‘n baie swaar las dra tydens die Dag van Verdoemenis: die Oordeelsdag,

101. en al daardie mense sal vir ewig onder die las moet lewe. Hoe sleg is die die las van die Dag van Verdoemenis nie!

102. Die dag wanneer die Trompet geblaas sal word en Ons die Ongelowiges bymekaar sal maak, met oë waarin die angs en vrees gesien sal word,

103. terwyl hulle onder mekaar fluister: “Dit voel asof julle skaars tien dae in julle grafte was.”

104. Ons weet baie goed wat hulle sê, wanneer die slimste van hulle op hul manier sal sê: “Dit voel asof julle skaars ‘n dag daar was.”

105. En hulle vra jou uit oor die berge. Dan moet jy sê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal die berge soos stof voor die wind laat verdwyn

106. en die plekke waar die berge gestaan het verander in ‘n gelyk vlakte

107. waarop jy nie eers ‘n kurwe of ‘n bultjie sal sien nie.”

As die mens maar in soveel getroue gehoorsaamheid gelewe het soos met die Oordeelsdag

108. Daardie dag sal hulle die een wat hulle roep volg, sonder om enigsins na links of na regs af te wyk. En die stemme sal al sagter word in verwondering vir die Alomgenadige. So jy sal niks anders hoor as net ‘n gefluister nie.

109. Daardie dag sal geen voorspraak vir enige mens van enige nut wees nie, behalwe vir die een wie die Alomgenadige toegelaat het en met wie se werk Hy tevrede was.

110. Hy weet wat voor hulle is en wat agter hulle is, en tog is hulle kennis nie genoeg om Hom ook ten volle te begryp nie.

111. En alle gesigte sal nederig gemaak word voor die Ewiglewende, die Alomonderhoudende. En die verloorder is die een wat die las dra van sy oortredings.

112. Wie ook al goeie dinge doen, terwyl hy ‘n gelowige is, sal geen vrees hê vir enige onregverdige behandeling of vermindering van die belonings waarop hy geregtig is nie.

113. So het Ons dit dan aan jou geopenbaar as ‘n Koran in Arabies, en daarin herhaaldelik sekere waarskuwings uiteengesit, sodat hulle ‘n heilige ontsag en respek vir Allah kan hê sodat hulle sal ophou sonde doen, sal ophou om dit wat verbied is en skandelik is te doen of sodat dit vir hulle ‘n les kan wees wat dade van gehoorsaamheid kan voortbring en hulle nader aan Allah gebring sal word deur lofprysing en aanbidding. So hoog verhewe bo alles is Allah, die Koning, die Ware.

114. So hoog verhewe bo alles is Allah, die Koning, die Ware. Mohammed, en moenie oorhaastig wees om dit van die Koran wat aan jou geopenbaar is, aan ander te leer nie, totdat die openbaring daarvan afgehandel is, en jy dit goed gememoriseer het nie*. Hou jy net aan om te bid: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, leer my meer en meer.” (*K75:16)

Die verhaal van Adam

115. Toe Ons aan Adam van ouds ‘n opdrag gegee het, het hy vergeet wat ons gesê het en toe het Ons gesien dat hy nie ‘n vaste besluit geneem het om aan Ons gehoorsaam te wees nie.

116. Ons het toe aan die engele gesê: “Buig julleself laag neer tot op die grond voor Adam.” Al die engele het hulleself toe voor Adam neergebuig behalwe vir Iblis, die Satan, wat geweier het.

Vyandskap tussen Adam en Satan

117. Toe het Ons gesê: “Adam, die Satan is ‘n vyand van jou en jou vrou. So, moenie dat hy julle uit die Paradys uit verdryf nie, sodat julle nie in die moeilikheid beland nie.”

118. Hier is julle bevoorreg om nie honger te word nie en nie naak te wees nie,

119. en julle sal ook nie dors word nie en ook nie aan die son blootgestel wees nie.

120. Toe het die Satan hulle aangehits deur te sê: “Adam, wil jy hê dat ek jou moet lei na die boom van die ewige lewe en na ‘n koninkryk wat nooit tot niet gaan nie?”

121. So het beide Adam en Eva toe geëet van die boom van die ewige lewe, met die gevolg dat hulle skaamdele aan hulle ontbloot is., en hulle vir hulleself klere begin aanmeklaar werk het van die blare in die Paradys. Adam was ongehoorsaam aan sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer en het fouteer.

122. Daarna het sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer besluit om genadig teenoor Adam te wees en Hy het Adam se berou aanvaar en hom leiding gegee.

123. En Hy het gesê: “Adam en Eva, gaan nou van hier af, af, almal van julle, sommige van julle vyande van ander. Dan, indien leiding van My na julle sou kom, dan sal die een wat my leiding volg nie afdwaal nie, en ook nie in die moeilikheid wees nie.

124. En wie ook al van My boodskap af wegdraai, sal ‘n ingeperkte lewe sonder vryheid en rus en vrede lewe, en hy sal met die Oordeelsdag blind opgewek word.

125. Dan sal hy sê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hoekom wek U my blind uit die dood uit op terwyl ek voorheen kon sien?”

126. Dan sal Hy sê: “Soos wat Ons boodskap en bewyse voorheen aan jou voorgehou was en jy dit geïgnoreer het, so, so sal jy vandag op daardie selfde wyse ignoreer word.”

127. So beloon Ons die een wat oortree en nie in die boodskap en bewyse van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer glo nie. En die straf in die Hiernamaals is verseker baie erger en van langer duur.

128. Het dit dan aan hulle geen leiding verskaf om kennis te neem van hoeveel geslagte Ons voor hulle vernietig het in wie se plekke hulle nou woon en lewe, nie? Waarlik, in sulke kennis is daar ‘n boodskap en bewyse vir mense met begrip.

129. En indien daar nie vroeër ‘n woord van waarskuwing van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer af gekom het nie, en daar ‘n vasgestelde tyd was nie, sou hulle straf onafwendbaar gewees het.

130. So Mohammed, verdra wat hulle sê en verklaar en verkondig die reinheid van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer met lofprysing voordat die son opkom en voordat dit ondergaan. Ook gedurende van die ure van die nag moet jy Sy reinheid verklaar en verkondig, asook teen die einde van die dag, sodat jy tevrede kan wees.

131. En moenie met begeerte en verlange kyk na dit wat Ons aan sommige van hulle gegee het om te geniet nie: die aantreklikheid van hierdie aardse bestaan, en waarmee Ons hulle toets en beproef, nie.

132. Maak dit vir jou familie ‘n vaste instelling, en moedig hulle ten sterkste aan, om die Aanbidding na te kom en doen dit ook jouself. Ons vra geen lewensonderhoud van jou nie: dit is Ons wat aan jou lewensonderhoud verskaf. En die einde van alles, hier en in die Hiernamaals, is ten gunste van ‘n heilige ontsag en respek vir Allah.

133. En die ongelowiges het gesê: “Hoekom bring Mohammed nie vir ons ‘n bewys van sy egtheid van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer af nie?” Het hulle dan nooit kennis ontvang van dit wat in die vroeëre geskrifte, soos die Wet en die Evangelie geopenbaar was, insake die voorspelling van jou koms as profeet, nie?

134. En indien Ons hulle vernietig het voordat jy as boodskapper na hulle toe gekom het, sou hulle gesê het: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hoekom het U nie ‘n boodskapper na ons toe gestuur, sodat ons U boodskap en bewyse kon volg, voordat ons so verneder en in die skande gebring is, nie.”

135. Mohammed, sê vir die ongelowiges wat nie glo dat jy My boodskapper is en dat jou boodskap van my af kom nie: “Almal wag net soos julle, op die Oordeelsdag, waartydens hierdie geloofsaak uitgeklaar sal word. So julle sal ook maar moet wag, sodat julle kan uitvind wie die mense is wat op die reguit weg is en wie leiding ontvang het.”

O my Allah,

dit sou soveel makliker gewees het as ek op my lewensreis elke dag meer en meer bewyse ontvang het van hoe presies die regte weg is om te volg…

dan sou ek nie so lank en so aanhoudend die onsekerheid van my geloof in U moes verduur nie.

Maar wag ‘n bietjie, ek onthou nou net iets:

Dankie dat U my daardeur Geduld leer en dankie tog oor vir die sekerheid van U bestaan in my hart.

Dankie dat ek tog kan weet dat U bestaan en dat ek op U regte weg is, juis omdat U in my lewe besig is en omdat ek dus kan berus daarin dat hoe krom en skeef ook al, my geloof in U, U wil vir my lewe is.

Help my tog uit genade, want U is die Genadigste.

Amen